

Vrydag 6 Maart

Skrifgedeelte: Lukas 1:39-56

Fokusgedeelte: Lukas 1:39-56

Dank die Here saam met Maria vir sy verbondstrou

Na haar ontmoeting met die engel Gabriël móés Maria haar hart teenoor niemand oopmaak. Die vreugde was te groot om dit alleen te dra, daarom besoek sy vir Elisabet, 'n vertroude familielid, in die bergstreek van Judea.

Dan sing Maria haar bekende loflied. Dit is 'n tipiese lofpsalm, vol temas uit die Ou Testament. Wat opvallend is, is die skerp kontraste tussen die armes of geringes, en die rykes of aansienlikes. Maria sing daarvoor dat God arm en eenvoudige mense (soos sy) nie verag nie, maar Hom oor hulle ontferm.

In die Lukas-Evangelie is die tema van rykdom en armoede uit die staanspoor baie belangrik. Armes word deurlopend getroos (vgl. bv. sy weergawe van die saligsprekinge in 6:20-26), terwyl rykes teen die gevare van rykdom gewaarsku word. In 12:16-21 laat hy die gelykenis van die ryk dwaas eindig met die waarskuwing: "So gaan dit met hom wat vir homself skatte vergader en nie ryk is in God nie."

Dit is duidelik dat dit waaroor Maria in haar loflied sing, 'n definitiewe tema sou word in die res van die evangelie: die Here God bemoei Hom met die lot van die armes; Hy is die Verlosser wat na die geringes omsien. Van hierdie troosryke waarheid was die kindjie in Maria se skoot vir haar 'n heerlike bewys. Meer nog was die kindjie 'n bewys van God se verbondstrou teenoor Israel, want Hy was die vervulling van God se belofte aan Abraham dat in hom "... al die volke van die aarde geseën sal wees" (Gen. 12:3b).

Dit is die diepste rede vir Maria se blydschap: die feit dat God bewys het dat Hy getrou is aan sy beloftes en barmhartig is teenoor mense. Dit is ook die eintlike betekenis van Kersfees, naamlik dat God deur die Kind in Maria se skoot sê dat Hy aan Homself en sy beloftes getrou is en jou daarom nie in 'n gebroke wêreld harteloos aan jouself uitlewer nie.

Wat die aard van jou nood ook al mag wees, wees verseker daarvan dat God jou raaksien. Hy ontferm Hom oor mense in nood. Dank Hom saam met Maria daarvoor in jou lofsange en gebede!

Sing: Skrifberyming 1:1, 2, 6

Ds. JJ Cloete (Koos) (Emeritus)